

Hoërskool Heilbron atlete presteer



Die primêre atlete van Hoërskool Heilbron gaan op 23 Februarie aan die NFS byeenkoms te Sasolburg deelneem. Hulle is van voor: Noeline Gavin, Aldi Strydom, Anelle Volschenk, Michaela Grobler, Carina Rautenbach en Carli Rochat. Agter: Hanru Steyn, Paul de Koker, Tiaan Britz, Bees Britz, Dihan J/V Rensburg en Lourens Roux.



Die sekondêre atlete van Hoërskool Heilbron wat die skool verteenwoordig op 1 en 2 Maart op die Vrystaat atletiek kampioenskappe in Bloemfontein is van vl: Danelle Oosthuizen, Leandri Bennink, Elana Dippenaar, Megan Strydom en Kristen Muller. Tweede ry: Waldo Steyn, Hanro Volschenk, Francois Els en Wessel Steyn. Agter: Henrico de Jager, Sarel Mouton, De Jager Jooste, Wolter Bennink en Josua van Wyk.

JA Malherbe Primêre skool atlete presteer



Die volgende atlete van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het tydens die Oos-Vrystaat Atletiekbyeenkoms gekwalifiseer om aan die Vrystaat-byeenkoms in Sasolburg op 2 Maart deel te neem: Hulle is van links: Kaylie de Bruyn (1200m), Matshidiso Sompane (spiesgooi), Estené Janse van Rensburg (1500m stap) en Li-Ann Sieberhagen (1500m stap).

Voltooi Midmar-myl



Twee leiders en twee onderwyseresse van Hoërskool Reitz, het die bekende Midmar-myl met sukses voltooi. Die swimmers is van links: Johann Bonthuys, Me. Yzelle de Beer, Adriaan Bonthuys en Me. Annelie Scholtz.

Bieliemieliefes



Dinamiet kom nie verniet in klein pakkies nie. Onderskeie skole, onder andere Hoërskool Heilbron en Hoërskool Wilgerivier se primêre leiers het die afgelope naweek by die Bieliemieliefes in Reitz, deelgeneem aan rugby en netbal wedstryde. Die uitslae is as volg: Hoërskool Wilgerivier se rugbyspan wen sewe uit sewe van die wedstryde en stap trots daar weg. Hoërskool Heilbron se netbalspan wen Reitz met twee doele, Harrismith A met vyf doele, Harrismith B met ses doele en speel gelykop teen Petrus Steyn met twee doele elk.

Valentynssokkie 'n hoogtepunt op kalender by Hoërskool Heilbron



Hoërskool Heilbron se leiers kon die liefde in die lug voel verlede week tydens die primêre en sekondêre leiers se valentynssokkies. Die primêre leiers het behoorlik uitgestaan tydens hulle sokkie waar Candyland hulle tema was. Helder gekleë het die leiers hulle skoene "uit gesokkie". Die sekondêre leiers het valentynssokkie gehou met "Beauty and the Beast" as tema. Hulle het voorwaar 'n sprokiesaan beleef. Foto erkenning: André Pretorius fotografie en Facebook